Graad 6

Totaal: 70

Tyd: 2 uur

Voorbereiding vir November-eksamen

Vraag 1

1.1	Skryf hierdie getal in woorde: 1 289 563	(1)
1.2	Rangskik die volgende in dalende orde: 0,005 ; 5,55 ; 0,5 ; (5×5) ; 5,005	(1)
1.3	Verminder 12 787 met 4 358	(2)
1.4	Bereken die som van 4 389 217 en 5 319 240	(1)
1.5	Rond die volgende getal af tot die naaste duisend: 789 989	(1)
1.6	Rond die volgende getal af tot die naaste tienduisend: 897 999	(1)
1.7	Wat is die waarde van x in: $\frac{2}{5} = \frac{x}{125}$	(1)
1.8	Jana het 60% vir haar Wiskundetoets gekry. Indien die toets uit 25 getel het, hoeveel het Jana uit 25 as punt behaal?	(1)
1.9	Vul die ontbrekende waarde in om die vergelyking waar te maak: $(1+3) \times \square \div 4 = 15 \div 5 + 7 \times 2$	(1)
1.10	Hoeveel jaar is daar in 2 dekades?	(1)
1.11	Hoeveel sekondes is daar in $2\frac{1}{2}$ ure?	(2)
1.12	Skakel $489g$ om na kg.	(1)
1.13	Hoeveel $250ml$ bottels kan vol water gemaak word met $5l$ water?	(2)
1.14	Wat is die waarde van die onderstreepte letter in hierdie getal : 3 17**<u>9</u>** 217	(1)
1.15	Herlei 0,45 na 'n gewone breuk in sy eenvoudigste vorm.	(1)

[18]

Vraag 2

2.1 Toon alle bewerkings:

2.1.1 $3\frac{1}{2} + \frac{3}{4} - \frac{1}{8}$ (3)

2.1.2 $49 + (3 \times 7) - 29 + 36 \div 6$ (3)

2.1.3 25% van R300 (2)

2.1.4 $48{,}89 - 35{,}876$ (2)

2.1.5 893×326 (2)

2.1.6 $22\,356 \div 243$ (1)

2.2 Jana het 'n aanlyn besigheid waar sy items soos dagboekies verkoop. Sy maak R24,00 wins per dagboek. Jana het hierdie maand 4 897 dagboekies verkoop, hoeveel wins het sy in totaal gemaak? (2)

2.3 Jaco staan Saterdagoggend 06:25 op. Na sy rugby-oefening is hy so moeg dat hy bietjie moet gaan slaap teen 13:45. Hoe lank was hy wakker? (2)

[17]

Vraag 3

3.1 Voltooi die onderstaande vloeidiagram deur die ontbrekende waardes in te vul: (4)



3.2.1 Teken die volgende patroon in die ry: (2)



3.2.2 Beskryf in jou eie woorde hoe die aantal vuurhoutjies vermeerder. (1)

3.2.3 Skryf 'n algemene reël vir die patroon hierbo. (2)

3.2.4 Hoeveel vuurhoutjies sal jy benodig om die 15de patroon te vorm? (2)

3.3 Voltooi die onderstaande tabel: (6)

Persentasies	**Gewone breuk (eenvoudigste vorm)**	**Desimale breuk**
12%		
	$\frac{1}{4}$	
		0,35

[17]

Vraag 4

4.1 ‘n Sak bevat 8 rooi balle, 2 groen balle en 3 wit balle. Jamie hou haar oë toe en trek ‘n bal uit die sak. Wat is die kans dat sy:

4.1.1	‘n Rooi bal sal trek?	(1)
4.1.2	‘n Groen of ‘n wit bal sal trek?	(1)
4.1.3	‘n Bal wat nie groen is nie sal trek?	(1)

4.2 Die volgende lengtes van leerders word gegee in cm:

165 134 120 165 160 135 144

4.2.1	Wat is die modus-lengte?	(1)
4.2.2	Hoeveel leerders se lengtes is gemeet?	(1)
4.2.3	Wat is die mediaan-lengte?	(1)

4.3 Die sirkelgrafiek toon die data van 6 graad 6-seuns wat oefen om die rugbybal deur die pale te skop. Elke seun het 10 kanse gekry om die bal te skop en hieronder word elke seun se geslaagde pogings getoon.



4.2.1 Wie het die meeste skoppe deur die pale gesit? (1)

4.2.2 As 10% van Rikus se 10 skoppe suksesvol was, hoeveel skoppe het hy deur die pale gesit? (2)

[9]

Vraag 5

5.1 Die omtrek van 'n reghoekige figuur is 28cm, indien die lengte 8cm is , wat is die breedte van hierdie figuur? (1)

5.2 Bereken die oppervlakte van die volgende figuur: (1)



5.3 Bereken die omtrek van die volgende figuur: (2)



5.4 Skets die net van die volgende 3D- figure: (2)





5.5 Elke kubus waaruit die volgende figuur bestaan , is $1cm^3$.



5.5.1 Wat is die volume van hierdie figuur? (1)

5.5.2 Beskou die volgende 2D-figuur en beantwoord die vrae wat daarop volg:



5.5.2.1 Wat is die naam van hierdie figuur? (1)

5.5.2.2 Verskaf die meegaande figuur met 'n lyn van simmetrie. (1).

[9]

Totaal:[70]